

1 Augustus

Skrifgedeelte: Jakobus 1:19-27

Fokusgedeelte: Jakobus 1:22-25

Hoor en doen

Die Heilige Gees lê hier in Jakobus klem op hoor *en doen*. Hy stel dit duidelik dat daar 'n groot verskil is tussen 'n gelowige wie se geloof tot daad oorgaan en 'n gelowige wie se geloof net by woorde bly en daarom 'n bedrogspul is. Hoe moet ons dan te werk gaan om in 'n opregte verhouding met God te leef?

Ons moet eerstens stadig wees om te praat en vinnig om te luister. As God en ons medemens met ons wil praat, is ons so geneig om eerste 'n paar woorde te wil inkry sonder om werklik die tyd te neem om die ander se saak aan te hoor. Hoe baie keer praat (bid) ons nie met die Here nie terwyl ons maar altyd stadig is om te luister (Bybelstudie)? Tweedens moet ons al die sedelike vuilheid en ongeregtigheid in ons lewens opruim en by die deur uitvee. Ons kan nie onsedelikheid en onreinheid in ons lewens plant met die hoop dat ons godsaligheid gaan oes nie.

Laastens moet ons doen wat ons hoor. Jakobus sê dat ons ons bedrieg as ons Sondag na Sondag gaan om te luister en tog niks doen wat ons hoor nie. Dit is soos 'n soldaat wat maande lank opgelei word met die beste wapens, maar wanneer die vyand opduik, gee hy sommer net oor. Ons is soldate vir Christus wat van kleins af opgelei is om met die beste wapens teen die bose te veg. Hoekom steek ons dan ons hande in die lug wanneer die stryd voor die deur lê?

Kom ons maak werk van die Woord wat ons lewens kan red. Kom ons verdiep ons in die volmaakte wet wat 'n mens vry maak. Kom ons leef dit uit wat ons hoor. Onthou die belofte in vers 25b dat hy wat dit doen, "sal gelukkig wees in wat hy doen."

Ds NJ Grönum (Gobabis)